LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

7 Junie 2018

OMSENDBRIEF 18/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

'n Onbekende persoon het op 'n keer gesê dat jy vir die wêreld dalk net een persoon is, maar dat jy vir een persoon, dalk die wêreld kan beteken. God sê in Prediker 11:1 "Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind". Hierdie is 'n ou Hebreeuse gesegde en baie van die jongmense van vandag, ken dit nie eers nie. Dit beteken net: deur te gee aan die wat minder bevoorreg is, sal daar weer aan jou gegee word. God gee ook aan ons die bevel in Deuteronomium. 15:11 "Want die arme sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land". Dis goed en wel om "iets" vir die arm mense te gee, maar die belangrikste wat ons kan gee, is die "Evangelie van Jesus Christus". Kom ons begin vandag om brood op die water te werp, maar meer nog, werp ook die Lewensbrood op die water.

Die eksamen is reeds amper verby en die wintersport is iets van die verlede. 'n Woord van dank nie net aan die leerders wat gehelp het om die kwartaal 'n sukses te maak nie, maar ook aan u as ouers vir die aanmoediging. Graag bedank ek ook al die afrigters en onderwysers vir die ywer waarmee hulle met ons kinders gewerk het.

Ek versoek u om asseblief u verpligtinge in verband met skoolgeld na te kom. Ongelukkig kan swak betaling ernstige bedreiging vir die kwaliteit van onderwys by die skool inhou en kan dit die groei van die skool belemmer. Die beheerliggaam het 'n aantal maatreëls goedgekeur om te verseker dat alle gelde ge-in word. Indien u nie op datum is met u kind se skoolgeld is nie, versoek ons u vriendelik om dit reg te stel.

"*They may not remember what you said, But they will remember how you made them feel.*"
-Carl Buehner-

2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)

Weeksdag	**Rooster**	**Belangrikste gebeure vir die week**
Maandag, 11 Junie	Dag 1	**Wisk** Dept Vraestel SLEGS Gr 6 (Aktiwiteitsperiode)
Dinsdag, 12de	Dag 2	Hokkiekliniek Dogters o/10 en o/11
Woensdag, 13de	Dag 3	**NW & Teg** Dept Vraestel SLEGS Gr 6 (Aktiwiteitsperiode)
Donderdag, 14de	Dag 4	Hokkiekliniek Dogters o/12 en o/13
Vrydag, 15de	Dag 5	
Saterdag, 16ste	Jeugdag	Landloop Interprovinsiaal (Zeerust)

3. RMS KORE

Sterkte aan die Junior– en Senior kore met hul optrede Saterdag, 9 Junie by die RMS kompetisie te Laerskool Oosterkruin.

4. TSHWANE JEUGKUNSTEFEES

Baie geluk aan die volgende groepe wat deurgedring het om aan die Tshwane Jeugkunstefees by die Staatsteater te gaan deelneem:
Snr Revue: 4 September
Swarnallies: 4 September
Jnr Slagorkes: 5 September
Kaartjies vir die bogenoemde vertonings asook vir die Kaleidoscope Revue kompetisie van 14 Augustus, sal vanaf Dinsdag, 24 Julie tot Vrydag, 3 Augustus by die skool te koop wees (meer inligting volg later).
Kostes: Tshwane Jeugkunstefees R80 pp
Kaleidoscope R100 pp

5. LANDLOOP

Baie geluk aan Marnus Laubscher, Véani Slabbert, Rico Coetzer en Rainhart Behrens met hul opname in die Gauteng-Noord landloopspan.

6. VADERSDAGVERKOPE

Ons verkoop op Vrydag, 15 Junie Vadersdaggeskenkies ter ondersteuning van ons hokkie vir die jaar. Daar word beloof om baie oulike geskenkies te wees. U ondersteuning hierin sal baie waardeer word!

7. OUERDAG

Die leerders se verslae kan by die registerklasse afgehaal word op Donderdag, 21 Junie vanaf 13:45 tot 18:00. Neem asb kennis dat geen verslag saam met 'n kind huistoe gestuur sal word nie, maar moet deur die ouers self afgehaal word.

8. OUERDAG - WORSBROODJIEVERKOPE

Daar word heerlike worsbroodjies voor die personeelkamer tydens Ouerdag op Donderdag, 21 Junie teen R20 elk verkoop. Dit is nie nodig om vooraf bestellings te plaas nie. Kom koop sommer u aandete vir die hele gesin, en ondersteun ons skoolgemeenskap so.

9. WARM SJOKOLADE

Daar word gedurende die week van 18 tot 20 Junie warm sjokolade verkoop. Dit sal beskikbaar wees vanaf Maandag- tot Woensdagoggend soggens voor skool sowel as Donderdag, 21 Junie tydens die ouerdag by die kombuis in die vierkant en kos R10 per koppie.

10. MERK VAN SKOOLKLERE

Aangesien die skoolklere baie duur is, en ons voortdurend ongemerkte verlore klere by die klerebank kry, bied ons u die geleentheid om u kind se naam op die skoolklere te laat borduur teen R20 per item. Vlootblou skoolserpe is ook beskikbaar vir die winter teen 'n bedrag van R50 per serp. Dit sluit die borduur van die kind se naam in. Indien u belangstel, voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur dit saam met die kledingstuk wat gemerk moet word en die korrekte bedrag na Mnr Braam du Plessis se klas na K2.

Swarrie Groete



MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

Saamrygeleentheid vanaf Willem Botha (Sutherland Spar) na Panorama weg (op ou JHB pad) gevra (elke oggend en middag 17:00. Skakel asb 064 866 1157 (Meloney)

Merk / Bestel van Skoolklere

Naam en Van wat geborduur moet word: _____

Graad en klas: _____

Merk van klere (R20 per item)- Aantal items wat gemerk moet word (items hierby ingesluit) _____

Aantal serpe bestel (R50 elk)_____ Bedrag ingesluit _____

Naam van Ouer _____ Sel nr _____